

DIE SKIETLOOD



1

SKIETLOOD: 87e Uitgawe 20 Mei 2016 saam met Koersvas 87

Gekruisig

Die Heidelbergse Kategismus stel : *Vraag 39: Sit daar iets meer in dat Christus juis gekruisig is en nie op 'n ander manier gesterf het nie: Antwoord: Ja, want daardeur is ek seker dat Hy die vervloeking wat op my gerus het, op Hom geneem het, omdat die kruisdood deur God vervloek is.* Die kruis was 'n besonder pynlike manier om tereggestel te word. Dit was in die antieke kultuur, ook in die Joodse kultuur 'n geweldige vernedering om aan 'n "vloekhout" tussen hemel en aarde te hang en dood te gaan. Mense wat gekruisig is, het òf versmoor omdat hulle hele liggaam ingegee het en hulle gewoon nie meer die krag gehad het om asem te haal nie, òf hulle is dood aan blootstelling aan die ongenaakbare natuur. Indien die laksman vir welke rede ookal haastig was, is die bene van die gekruisigde gebreek. Nie net was dit vreeslik pynlik nie, maar die gekruisigde kon nie meer staan om regop te kom om asem te haal nie. Die dood het dan spoedig ingetree by wyse van versmoring. Daar was ander maniere vir die Romeine om Hom tereg te stel, soos byvoorbeeld onthoofding - soos hulle trouens met Paulus gemaak het. Jesus was die Paaslam en juis daarom moes hy sò sterf dat geen been van die Lam gebreek word nie.

Aan die kruis, verwerp deur hemel en aarde, het Hy tussen hemel en aarde gehang en gesterf om so versoening tussen hemel en aarde te bewerk-

stellig. Aan die kruis hang Jesus as sondaar en aan die kruis sterf die sondaarmens. Dit is omdat Jesus ons sonde en opstandigheid sò op Hom neem dat dit Hom toegereken word. So word die sonde deur Sy dood vernietig, weggegooi, nie meer ons toegereken.

Die kruis vertel ook van die vele dimensies waarop Jesus vir ons versoening met God bewerkstellig het. Ons is geneig om net in die juridiese sin van die woord te dink wanneer ons oor die kruis praat. Tog is daar soveel meer op die spel as bloot sonde en straf vir die sonde.

Die kruishout is tegelyk ook offer altaar. Dwarsdeur die Ou Testamaent het die mense geoffer om te betaal vir die sondes wat hulle gedoen het. Om waarlik te kan betaal, om waarlik genoegdoening te kan bewerkstellig, moes soort vir soort betaal. Anders gestel, solank dit nie 'n mens was wat vir mense se sonde betaal nie, sou daar nooit genoegdoening kon kom nie. "Genoegdoening" verwys daarna dat daar ten volle vir sonde betaal word en God se geregtigheid respekteer word, op daardie oomblik is daar genoeg gedoen om God en mens te versoen. Jesus is die hoëpriester wat Homself bied as offer ter genoegdoening. So word Hy die volkome offer wat alles in die reine stel en daarom kon Hy aan die kruis uitroep dat dit volbring is.

Deur op te kyk na Hom, word mense gered. Hierdie onmoontlike werklikheid



vind 'n prototipe by wyse van die koperslang wat in die woestyn op 'n paal geplaas is. Numeri 21:5-9 vertel: *En die volk het teen God en teen Moses gespreek: Waarom het U ons uit Egipte laat optrek om in die woestyn te sterwe? Want daar is geen brood en geen water nie, en ons siel walg van die ellendige kos. Toe stuur die HERE giftige slange onder die volk wat die volk gebyt het; en baie mense uit Israel het gesterwe. En die volk het na Moses gekom en gesê: Ons het gesondig dat ons teen die HERE en teen u gespreek het. Bid tot die HERE, dat Hy die slange van ons wegneem. En Moses het vir die volk gebid. Daarop sê die HERE aan Moses: Maak vir jou 'n giftige slang en sit dit op 'n paal; dan sal elkeen wat gebyt is en daarna kyk, lewe. Toe het Moses 'n koperslang gemaak en dit op 'n paal gesit: en as 'n slang iemand gebyt het en hy kyk na die koperslang, het hy in die lewe gebly. Indien die Israëliete gepik is deur 'n slang en hulle opgekyk het na die slang op die paal, het hulle oorlewe.*

Selfs ons beste ideale en voornemens was en sal nooit by magte wees om ons te red van die sonde wat ons is nie. Jesus is die een wat in ons plek gaan staan. Sy skynbare magteloosheid aan die kruis is ons ware magteloosheid om onself te red. Hy word magteloos omdat ons magteloos is om genoegdoening te bewerkstellig. Sy oorwinning word 'n oorwinning vir ons en daarom kyk ons in ons magteloosheid op na die kruis. God se oorfloedige genade in Christus bring vir almal van ons die finale redding.

Die boom van die lewe met sy sappige lewensvrugte is vir ons totaal verlore deur die sondeval. Nou word daardie boom se dorre hout gebeitel tot 'n kruis waaraan die onskuldige gekruisig word. Sy kruisdood se vrugte maak dat hierdie dooie hout simbool van ewige lewe word vir ons, en ons eet intussen die nuwe vrugte aan die Tafel van die Here.

Gesterf het (Begrawe is)

Die hoogste prys vir die sonde is die dood. Jesus moes daarom sterwe om so die volle prys vir die sonde te betaal. Ons belydenis dat Jesus sterwe, bring ons weerstand oor dit wat ons bely tot breekpunt. Daar is baie onverklaarbare sake in ons belydenis, maar hierdie saak stuit ons teen die bors. Hoe kan dit wees dat God ly, dit maak net nie menslik sin nie. Baie mense het weggeskram van die implikasie en beweer dat die siel en gees van Jesus Hom verlaat het aan die kruis. God kan tog nie ly nie. En tog is dit die onmoontlike werklikheid. Jesus Christus is ware mens en ware God en dit noop ons om te stel dat God aan die kruis ly, en sterwe

Dwarsdeur die geskiedenis van die kerk lees ons van verskillende maniere waarop die implikasie van "gesterf" probeer wegverklaar word. Vir sommige is dit die maklikste om te stel dat dit 'n skyndood was. Vir ander weer is die antwoord geleë in 'n skeiding van liggaam en gees. Jesus se liggaam het gesterf, maar Sy gees (siel) het die dooie liggaam verlaat. Tomas Aquinas het byvoorbeeld so geglo. Hy stel dat Jesus se menslike (vleeslike) gesterf het. Sy Goddelike het nie gesterf nie (*Sic et in*

morte Christi non est mortua divinitas, sed natura humana).

Enige aanhanger van Plato kan ook gemaklik hierdie standpunt inneem. Plato was 'n Griekse filosoof wat eeue voor Christus geleef het. Sy filosofie is gebou op 'n dualisme (twee werklikhede of entiteite). Hy het gedink daar is 'n ryk van die perfekte en 'n ryk van die onvolmaakte skadu's. Die mens se siel is perfek en raak vasgevang in hierdie verganklike werklikheid. By die dood keer die mens terug na die ryk van die ideale. Hierdie gedagte is ook eie aan die Oosterse godsdiens waar die gedagte van reïnkarnasie uiting gee aan die gedagte van die mens se siel as onsterflik. Die gedagte van die mens se "onsterflike siel" kleef hardnekkig vas aan ons denke. Die onsterflikheid van die siel dien vir vele ook as troos.

Tog is daar duidelike aanduidings in die Bybel dat die mens 'n eenheid is en dat daar by die dood van 'n mens net stof en as oorbly. So lees ons in Psalm 146:4 "Sy gees gaan uit, hy keer terug na sy aarde toe; op daardie dag is dit met sy planne gedaan." 'n Gees wat terugkeer na die aarde toe beteken om tot niet te gaan, net soos die mens se liggaam terugkeer na die aarde toe. Die eenheid van liggaam en siel leer ons reeds ken by die Skeppingsverhaal. Ons lees in Genesis 2:7 חיה: לנפש האדם ויהי. Die Septuaginte vertaal dit met ἐγένετο ὁ ἄνθρωπος εἰς ψυχὴν ζῶσαν, die Vulgaat met *factus est homo in animam viventem* en die 1953 vertaling met : *So het dan die mens 'n lewende siel* geword.

Paulus redeneer in I Korintiërs 15:45 *So is daar ook geskrywe: Die eerste mens, Adam, het 'n lewende siel geword; die laaste Adam 'n lewendmakende Gees.* Die eenheid van die mens se bestaan ten opsigte van liggaam, siel en gees word dwarsdeur die Bybel gehandhaaf. Daar word ook nie werklik duidelik onderskeid getref tussen gees en siel nie. Die loon van die sonde is die dood en net Jesus kan ons van hierdie ewige dood red. So lees ons in Jakobus 5:20 *laat hy weet dat die een wat 'n sondaar van sy dwaalweg bekeer, 'n siel uit die dood sal red en 'n menigte sondes sal bedek.*

Al hierdie gedeeltes en beredenering bied nie 'n finale antwoord op die aard van die mens se liggaam, siel en gees nie. Dit kan wees dat die mens se innerlike anders daar uitsien as die leidrade wat ons in die Skrif terugvind. In die tussentyd volstaan ons met dit wat ons in die Bybel leer.

Wat ook al die aard van die samestelling van die mens mag wees, Jesus se dood impliseer dat Hy in alle betekenis van die woord gesterf het. In vandag se terme gestel, Hy was so dood dat geen EEG of EKG enige lesing sou kon aandui nie. Sy hart het ophou klop, Sy brein het ophou funksioneer en nie eens verwoede resussitasie pogings sou Hom aan die lewe kon kry nie. Breindood het Hy gelê en al die prosesse van die dood het ingetree. *Rigor mortis* en die stelselmatige ontbinding van Sy lyk het begin. In die warm Palestina het dit beteken dat Sy lyk teen die Sondag al erg sou begin ruik het. Die Bybel bevat alle inligting wat ons nodig het vir ons

saligheid, nie alle inligting vir dit wat ons interesseer nie. Ons belydenis word nie net intellektueel analiseer en histories verklaar nie, dit word bely, selfs al skiet ons analyses en verklarings ver tekort. En daarom bely ons met die inkarnasie en lyding van Jesus dat Hy ons menswees en skuld sò op Hom geneem het dat ons totaal gered is. Die radikale van menslike nood roep na radikale redding deur God. Ons kan op God vertrou dat alles wat ons lot as sondaars is, deur Jesus op Hom geneem is. Dit word baie sterk illustreer deur die volgende belydenis.

Ter helle...

Die Apostolicum se belydenis oor Jesus se hellevaart word nie deur die Niceense belydenis herhaal nie. Hierdie frase vind Skrifbegroning in een teksgedeelte, te wete I Petrus 3:19-21.

Dit is vir ons amper onmoontlik om te bepaal wat die eerste opstellers van die Apostolicum oorspronklik met hierdie frase bedoel het. Ons beeld van die wêreld is net te anders. Vir die meeste mense klink dit ook na 'n mite en ons as post-moderne mense kan kwansuis nie meer glo nie.

Die een verklaring wat in die Protestantse (en veral Calvinistiese) tradisie na vore getree het, vind ons in die Heidelbergse Kategismus (Sondag 16, Vraag 44 : *Waarom volg daar: en neergedaal het na die hel? Antwoord: Sodat ek in my swaarste aanvegtinge verseker kan wees en myself volkome kan vertroos dat my Here Jesus Christus my van die hel se benoudheid en pyn verlos het. Hierdie verlossing het Hy*

bewerk deur sy onuitspreeklike angs, smarte en verskrikking wat Hy ook aan sy siel deur sy hele lewe, maar veral aan die kruis gely het.)

Jesus se lyding en sterwe word dan verstaan as 'n hellevaart. Sy uitroep oor Godverlatenheid word in hierdie verklaring die dieptepunt van Sy ontsettende lyding. Daar is taamlik wyd instemming met hierdie gedagte. Dit word ook so verwoord in die klassieke Nagmaal formulier. Jesus se lyding, angs en smart as Godverlatene het Hom vierkantig in die hel geplaas. Jesus se hellevaart verteenwoordig die ekstreme volheid van Sy menswees. Die hemelvaart sou weer vertel van die hoogtes (vanwaar Hy gekom het en) waarheen Hy gegaan het.

Die een waaragtige troos wat hierdie verklaring wel bied, is dat Jesus selfs die hel van oorlog goed ken. Watter mensgemaakte lyding en angs daar ookal mag wees, watter menslike hel daar ervaar mag word, Jesus ken dit en het dit op Hom geneem.

Hierdie verklarings maak die woorde "ter helle neergedaal" vir ons verstaanbaar. Daar is een beswaar wat genoem moet word. Waarom het die eerste Christene dan die hellevaart gestel na die belydenis oor Sy dood? Alles word chronologies gestel, en dan word die hellevaart voor die dood verklaar?

In antwoord op die beswaar die volgende: Net soos ons geen belydenis het oor die mens se sondeval nie, is dit opvallend dat ons geen woord bely oor Satan en die bestaan van die bose nie. Dit is ironies dat soveel kerke en

gelowiges hulle besig hou met Satan en bese geeste, met besetting deur geeste en Satanisme, terwyl al hierdie sake so op die periferie van ons geloof staan dat dit nie eens bely word nie. Nie eens in die woorde oor die hellevaart word die bese genoem nie. En tog word die hellevaart na die dood bely ...

Jesus se Godverlatenheid is inderdaad 'n baie belangrike eerste deel van die verklaring van hierdie belydenis. Ons kan egter nie daarmee volstaan nie. Daar is 'n tweede deel wat gestel moet word. Net soos ons nie die sonde en die dood ten volle kan verstaan nie, net so kan ons nie die volle straf van God en die oordeel van God se impak op ons verstaan nie. Wat dit ookal mag wees, ons bely dat Jesus se dood met al die gevolge van 'n sondaarsdood, 'n volledige versoeningsdood was.

Anders gestel, daar is geen geheimenis van die sonde wat nie deur Jesus op Hom geneem is nie. In terme van die beredenering oor die dood en die mens as sterflik na liggaam, siel en gees, beteken die woorde "ter helle neergedaal" nie noodwendig dat Jesus se siel of gees na 'n geografiese plek gegaan het nie.

Dit beteken vir ons dat Sy dood 'n ten volle dood was, 'n onherroeplike gebeurtenis waar alles terugkeer na die aarde toe. Die dood as 'n ophou bestaan op alle denkbare maniere. Jesus se lyding en sterwe sluit in die somtotaal van verlorenheid wat die mens se lot is, selfs tot in die niet van vergetelheid. Hy betaal die volle prys. Sy hellevaart kan ook baie meer as dit insluit, maar ons weet nie

wat dit kan wees nie omdat die dood daardie plek is vanwaar geen mens kan terugkeer nie.

Al wat ons weet is dat die hel van die sonde, deur Jesus ten volle ervaar is en volledig oorwin is. Daar is veel aan geleë om lesers te herinner dat ons die belydenis moet "bely", nie probeer verklaar of beheer deur rasonale denke nie. Ons weet nie wat die hel is wat volg op die dood nie; al wat ons weet, is dat Jesus selfs dit op Hom geneem het. Die poorte van die hel is finaal verwoes. Jesus het inderdaad die volle prys betaal.

Nicea

homo factus, crucifixus pro nobis sub Pontio Pilato, sepultus, resurrexit tertia die,

Apostolicum

Credo in Deum Patrem omnipotentem,
Creatorem caeli et terrae,

Filium Eius unicum, Dominum nostrum,

1. qui conceptus est de Spiritu Sancto, natus ex Maria Virgine,

2. **passus sub Pontio Pilato, crucifixus, mortuus, et sepultus,**

3. **descendit ad inferos, tertia die resurrexit**